

## 2 Januarie - AANGESIG

**Skrifgedeelte: Genesis 17:1-14 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 17:1 en 3**

**G**od wankel nie. Alles in ons leefwêreld kan wankel en alles kan onseker wees, maar God wankel nie. Hoekom nie? Hy is die Verbondsgod, die God wat met die mens bemoeienis maak. Dit staan vir ewig vas. Só, lees ons in Genesis 17, sluit God sy verbond met Abraham. Hy is die Verbondsgod wat sy kinders *voor sy aangesig laat kom*.

- Wat 'n wonderlike *verbondsgenade*: wandel voor my aangesig.
- Wat 'n ontsettende *verbondseis*: wandel voor my aangesig.
- Wat 'n onbeskryflike *verbondsbefoorte*: "... dan sal jy opreg wees."

Om voor die aangesig van die Here te wandel, beteken om sy verbond te verstaan. Om te besef dat jy soos Abraham (vs 3) eers jou aangesig voor die aangesig van God moet buig. Wie voor God se aangesig wandel, weet dat dit 'n blywende verbond is wat deur geen mens of omstandighede nietig verklaar kan word nie. God het hierdie verbond self bevestig deur Christus en dit deur die Heilige Gees geopenbaar.

Met Abraham se aangesig gebuig voor die aangesig van God, openbaar God Hom aan Abraham:

- Ek is God die Almagtige (vs 1).
- Ek wil 'n verbond met jou sluit (vs 2).
- Dit is my verbond met jou (vs 3).
- Ek maak jou die vader van baie nasies (vs 5).
- Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak (vs 6).
- Ek bring 'n verbond tot stand (vs 7).
- En dan die hoogtepunt: Ek sal vir hulle 'n God wees (vs 8).

God sê: Ek sal vir julle 'n God wees. Waarom God dit doen, is vir ons onbegryplik – dat ons voor sy aangesig kan kom, voor Hom kan buig en sy kinders genoem kan word!

Tog bind God Hom aan ons. Ons kan in aanbidding voor sy aangesig kom. Ons kan voor sy aangesig wandel. Al wankel alles, Hy staan vas. Sy verbond staan vas.

Mag u vandag voor sy aangesig wandel.

*Sing: Skrifberyming 47:1 (priesterlike seën)*

*Ds JG Noëth (Kimberley)*